IPW SERTIFISERINGSBELEID

AUGUSTUS 2008

1. REGISTRASIE VIR IPW: PLAAS EN KELDER

'n Bewys van registrasie word jaarliks uitgereik nadat die IPW registrasiegelde betaal is.

2. IPW SERTIFIKAAT VIR 'N PLAAS SONDER 'N KELDER

'n IPW Sertifikaat word jaarliks onder die volgende voorwaardes uitgereik:

2.1 Al die evaluasievorms (Bylaes 1 insluitende Tabel 1, 2a, 2b en 2c) moet voltooi en voor 31 Mei elke jaar by die kelder/kelders waar druiwe gelewer word, ingehandig wees.

2.2 Die slaagpunt van 55% in 2008, 60% in 2009 en 65% vanaf 2010, of meer moet behaal word.

2.3 Daarbenewens moet aan die volgende kwalifikasievereistes voldoen word, nl:

- Geen ontoelaatbare residu's mag op druiwe voorkom nie.
- Onthoudingsperiodes mag nie oorskry word nie.
- Geen ongeregistreerde middels mag gebruik word nie.
- Voldoen aan alle toepaslike wetgewing rakende:
    - Ploegpermitte en Omgewingsimpakstudies (Riglyn 2 en 3)
    - Registrasie van watergebruike (Riglyne 2, 3 en 9)
    - Alle aspekte rondom hantering, opberging en wegdoening van landboumiddels en houers (Riglyn 14)

2.4 Indien een van die vereistes onder 2.3 nie gehaal word nie, moet 'n aanvaarbare aksieplan met teikendatums saam met die evaluasievorm ingedien word waarin beskryf word watter stappe geneem word om in die volgende seisoen wel aan die voorgeskrewe vereistes te voldoen.

3. IPW SERTIFIKAAT VIR 'N PLAAS MET 'N KELDER

'n IPW Sertifikaat word jaarliks onder die volgende voorwaardes uitgereik:

3.1 Al die evaluasievorms (Bylaes 1 insluitende Tabel 1, 2a, 2b en 2c, vir die Plaas en Bylae 4 vir die Kelder) moet voltooi en teen 31 Mei elke jaar by die IPW kantoor ingehandig wees.

3.2 Beide die plaas en die kelder moet die slaagpunt van 55% in 2008, 60% in 2009 en 65% vanaf 2010, of meer behaal.

3.3 Daar moet aan die volgende kwalifikasievereistes voldoen word, nl:

Plaas

- Geen ontoelaatbare residu's mag op druiwe voorkom nie.
- Onthoudingsperiodes mag nie oorskry word nie.
- Geen ongeregistreerde middels mag gebruik word nie.
- Voldoen aan alle toepaslike wetgewing rakende:
    - Ploegpermitte en Omgewingsimpakstudies (Riglyn 2 en 3)
    - Registrasie van watergebruike (Riglyne 2, 3 en 9)
    - Alle aspekte rondom hantering, opberging en wegdoening van landboumiddels (Riglyn 14)

Kelder

- Druiwe moet volgens IPW riglyne geproduseer wees. Minstens 90% van die druiwe wat by die kelder gelewer word, moet afkomstig wees van plase wat vir 'n IPW sertifikaat kwalifiseer en die produsente van die orige 10% van die druiwe moet aanvaarbare aksieplanne indien om te wys dat hulle ook binne die volgende jaar sal kwalifiseer.
- Geen ontoelaatbare residu's mag in die wyn voorkom nie.
- Voorgeskrewe rekordhouding moet bygehou word.

- Kelder moet skriftelike toestemming/permitte/lisensies vir bestuur van vaste afval en afvalwater hê.

3.4 Indien een van die vereistes onder 3.3 nie gehaal word nie, moet 'n aanvaarbare aksieplan met teikendatums saam met die evaluasievorm ingedien word waarin beskryf word watter stappe geneem word om in die volgende seisoen wel aan die voorgeskrewe vereistes te voldoen.

4. IPW SERTIFIKAAT VIR 'N PRODUSENTE KELDER

'n IPW Sertifikaat word jaarliks onder die volgende voorwaardes uitgereik:

4.1 a) Die evaluasievorms (Bylaes 1 insluitende Tabel 1, 2a, 2b en 2c) vir die plase wat druiwe by die kelder lewer, moet voor 31 Mei elke jaar gekollekteer en by die kelder geliasseer word.
b) Die evaluasievorm van die kelder (Bylae 4) moet voltooi en teen 31 Mei elke jaar by die IPW kantoor ingehandig wees.

4.2 Beide die plase wat druiwe gelewer het en die kelder moet die slaagpunt van 55% in 2008, 60% in 2009 en 65% vanaf 2010, of meer behaal.

4.3 Daar moet aan die volgende kwalifikasievereistes voldoen word, nl:

Plase

- Geen ontoelaatbare residu's mag op druiwe voorkom nie.
- Onthoudingsperiodes mag nie oorskry word nie.
- Geen ongeregistreerde middels mag gebruik word nie.
- Voldoen aan alle toepaslike wetgewing rakende:
    - Ploegpermitte en Omgewingsimpakstudies (Riglyn 2 en 3)
    - Registrasie van watergebruike (Riglyne 2, 3 en 9)
    - Alle aspekte rondom hantering, opberging en wegdoening van landboumiddels (Riglyn 14)

Kelder

- Druiwe moet volgens IPW geproduseer wees. Minstens 90% van die druiwe wat by die kelder gelewer word, moet afkomstig wees van plase wat vir 'n IPW sertifikaat kwalifiseer en die produsente van die orige 10% van die druiwe moet aanvaarbare aksieplanne met teikendatums indien om te wys dat hulle ook binne die volgende jaar sal kwalifiseer.
- Geen ontoelaatbare residu's mag in die wyn voorkom nie.
- Voorgeskrewe rekordhouding moet bygehou word.
- Kelder moet skriftelike toestemming/permitte/lisensies vir bestuur van vaste afval en afvalwater hê.

4.4 Indien een van die vereistes onder 4.3 nie gehaal word nie, moet 'n aanvaarbare aksieplan met teikendatums saam met die evaluasievorm ingedien word waarin beskryf word watter stappe geneem word om in die volgende seisoen wel aan die voorgeskrewe vereistes te voldoen.

5. IPW SERTIFIKAAT VIR 'N BOTTELERINGSAANLEG

'n IPW Sertifikaat word jaarliks onder die volgende voorwaardes uitgereik:

5.1 a) Die evaluasievorm van die botteleringsaanleg (Bylae 4) moet voltooi en teen 31 Mei elke jaar by die IPW kantoor ingehandig wees.

5.2 Die slaagpunt van 55% in 2008, 60% in 2009 en 65% vanaf 2010, of meer moet behaal word.

5.3 Daarbenewens moet aan die volgende kwalifikasievereistes voldoen word, nl:

- Voorgeskrewe rekordhouding moet bygehou word.
- Botteleringsaanlegte moet skriftelike toestemming/permitte/lisensies vir bestuur van vaste afval en afvalwater hê.

5.4 Indien een van die vereistes onder 5.3 nie gehaal word nie, moet 'n aanvaarbare aksieplan met teikendatums saam met die evaluasievorm ingedien word waarin beskryf word watter stappe geneem word om in die volgende seisoen wel aan die voorgeskrewe vereistes te voldoen.

IPW OUDITBELEID

AUGUSTUS 2008

OUDITVLAKKE VIR PLASE

1. Self-oudit: invul van evaluasievorms vir plaas (Bylaes 1 insluitende Tabel 1, 2a, 2b en 2c).
2. Kelder waar druiwe gelewer word, kontroleer dat vorms korrek en volledig ingevul is, en of nodige rekords beskikbaar is om punte te staaf (sien paragraaf oor Kontroleurs).
3. Eksterne oudit deur WSR se ge-akkrediteerde ouditeur (as deel van steekproef of op eie aanvraag).By produsente kelders sal 3 plase per kelder elke keer op lukrake wyse ge-oudit word.
4. Oudit deur WSR se ge-akkrediteerde ouditeur op aanvraag van koper.

OUDITVLAKKE VIR KELDERS

1. Self-oudit: invul van evaluasievorm vir kelder (Bylae 4).
2. IPW kantoor kontroleer dat vorms korrek en volledig ingevul is.
3. Eksterne oudit deur WSR se ge-akkrediteerde ouditeurs (as deel van steekproef of op eie aanvraag).
4. Oudit deur WSR se ge-akkrediteerde ouditeur op aanvraag van koper.

OUDITVLAKKE VIR BOTTELERINGSAANLEGTE

1. Self-oudit: invul van evaluasievorm vir botteleringsaanlegte (Bylae 4).
2. IPW kantoor kontroleer dat vorms korrek en volledig ingevul is.
3. Eksterne oudit deur WSR se ge-akkrediteerde ouditeur (as deel van steekproef of op eie aanvraag).
4. Oudit deur WSR se ge-akkrediteerde ouditeur op aanvraag van koper.

KONTROLEURS

Kelders, veral produsente kelders, word versoek om kontroleurs aan te stel om behulpsaam te wees met die kontrolering van evaluasievorms vir plase wat jaarliks ingehandig word. ‘n Kontroleur moet oor ‘n IPW opleidingsertifikaat beskik (2004 of later) en sy/haar taak is

- om te kontroleer dat alle IPW evaluasievorms volledig en korrek ingevul is en kopieë by beide die kelder en plaas beskikbaar is.
- om te verifieer dat alle nodige rekords beskikbaar is om punte te staaf
- om te verifieer dat daar aan al die nodige wetgewing voldoen word of dat die nodige aksieplanne met teikendatums in plek is om voldoening te bereik.

Hierdie kontrolering en verifieëring moet verkieslik in die teenwoordigheid van die produsent gedoen word. Elke plaas se evaluasievorm (Bylae 1, tesame met Tabel 1) word dan deur die produsent sowel as die kontroleur onderteken. Die WSR se ge-akkrediteerde ouditeur sal die oudits by produsente kelders in samewerking met die kontroleur uitvoer.

JAARLIKSE OUDITS DEUR WSR

Die Wyn-en Spiritusraad kontrakteer ge-akkrediteerde ouditeurs om jaarliks 150 kelders en 110 plase in 2008, 150 plase in 2009, 180 plase in 2010, 205 plase in 2011 en 225 plase vanaf 2012, versprei oor al die wynboustreke, op die raad se koste te oudit.

OUDIT OP VERSOEK

Enige plaas, kelder of koper kan vra dat ‘n plaas, kelder of botteleringsaanleg deur een van die WSR se ge-akkrediteerde ouditeurs geoudit te word. Die koste van hierdie oudits word deur die plaas, kelder of koper self gedra.

ADDISIONELE OUDITS

Druiwe

Tydens elke parsseisoen word 50 druiwemonsters by kelders op ‘n totale lukrake basis getrek en deur ‘n geakkrediteerde laboratorium met behulp van multi-residu analise ontleed vir residue van plaagdoders. Hierdie resultate word binne 48 uur aan die IPW Bestuurder gestuur.

1. Indien geen plaagdoder residue op die druiwe gevind word nie, word ‘n skrywe aan die produsent wie se druiwe ontleed is gestuur wat die uitslag aantoon;
2. Indien plaagdoder residue, onder die maksimum toelaatbare vlakke, op die druiwe gevind word, word ‘n skrywe aan die produsent wie se druiwe ontleed is gestuur wat die uitslag aantoon; en
3. Indien plaagdoder residue, bo die maksimum toelaatbare vlakke op die druiwe gevind word, word die produsent wie se druiwe ontleed is asook die kelder by wie die druiwe gelewer is, onmiddelik mondelings hiervan verwittig waarna dit per skrywe bevestig sal word. Die wyn gemaak van hierdie druiwe moet verder ontleed word om te bepaal of dit nog geskik is vir verdere gebruik.
    a. Indien die wynontleding toon dat die wyn residue onder die toelaatbare vlakke bevat sal die wyn geskik geag word vir gebruik en die wyn mag steeds gesertifiseer word.
    b. Indien die wynontleding toon dat die wyn residue bo die maksimum toelaatbare vlakke bevat, sal die wyn op lasgewing geplaas word en kan die wyn nie gesertifiseer word nie.

Wyn

Die Nasionale Department van Landbou se Direktoraat vir Voedselveiligheid en Gehaltebeheer ontleed jaarliks 1 400 gebotteleerde wyne bestem vir uitvoer. Hierdie ontledings sluit multi-residu toetsing vir plaagdoderresidue in.

1. Indien geen plaagdoder residue in die wyn gevind word nie sal die wyn as geskik geag word en kan dit gesertifiseer word.
2. Indien plaagdoder residue, onder die maksimum toelaatbare vlakke in die wyn gevind word sal die wyn as geskik geag word en kan dit gesertifiseer word.
3. Indien plaagdoder residue bo die maksimum toelaatbare vlakke gevind word, sal die wyn op lasgewing geplaas word en kan die wyn nie gesertfiiseer word nie.